# Bravo VIR DIÉ TWEE!

Tracey Lange en Robbie Kruse verleen behoorlik woema aan die kykNET-program *Bravo!*

Deur ALITA STEENKAMP Foto's IVAN NAUDÉ



**Slaan 'n mens die betekenis van die woord "bravo" na, verduidelik die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* dit as 'n uitroep van byval, mooi so! pragtig!. Die vervaardigers het inderdaad die regte naam vir die program gekies. Hierdie program neem ons weekliks saam na glansryke geleenthede op die plaaslike sosiale kalender. Die twee aanbieders wat van hierdie reis so 'n heerlike ervaring maak, is Robbie Kruse en Tracey Lange.**

## ROBBIE KRUSE

Robbie Kruse is duidelik dol op wat hy doen, al beteken dit dat sy werksure glad nie binne die nege-tot-vyf-tydsgrens val nie. Robbie is gewoond daaraan om lang ure te werk, want reeds terwyl hy besig was met sy graad in ondernemingsbestuur by die Universiteit van Pretoria het hy by TUKS FM begin uitsaai en terselfdertyd het Jacaranda FM hom nadergehark om ook daar agter die mikrofoon in te skuif.


"Ek het kleintyd gedink ek wil 'n akteur word en na Amerika gaan om in Hollywood te speel. As akteur kan jy elke twee maande 'n ander karakter wees en ek dink dit moet ongelooflik lekker wees om so 'n bietjie uit jouself te klim en 'n ander karakter te word.

"Ek is egter baie bly ek het in die uitsaaibedryf beland en dis heerlik om met albei mediums te werk, radio en TV," gesels Robbie, duidelik gemaklik met wie hy is, en hoe sy loopbaan tans lyk.

Robbie vertel die pos as aanbieder by *Bravo!* het op 'n wonderlike manier gebeur. Hannes van Wyk was toe nog een van die *Bravo!*-aanbieders en hy en die span het na Jacaranda FM gegaan om daar 'n insetsel oor Rian van Heerden, een van die aanbieders van hierdie radiostasie se ontbytprogram, te maak. Robbie moes op kamera sy mening oor Rian uitspreek en kort hierna is hy deur die Homebrew Films, wat die program vervaardig, gekontak oor die moontlikheid om ook as aanbieder op te tree. Hy het wel 'n klein bietjie ervaring opgedoen in die tyd wat hy soms vir Kurt Darren op *Jukebox* ingestaan het, en hy was dadelik gemaklik voor die kameras.

"Ek was nog nooit skaam om voor mense te praat nie en ek raak ook nie

Hare en Grimering Renate Willems Stilering Anlie Janse van Rensburg Klere Stuttafords



sommer senuagtig nie," sê hy met 'n onnutsige glimlag. "In hierdie werk wat ek doen, tel dit beslis in my guns. By die radio moet jy ook nie senuagtig wees nie, want al kan die luisteraars jou nie sien nie, moet jy seker wees van jou feite en jy moet weet waarvan jy praat. Wat radio so wonderlik maak, is die ding waarna die Engelse verwys as *'theatre of the mind'*. Wanneer jy met die luisteraars gesels, het hulle eintlik 'n skoon A4-bladsy voor hulle, en jy moet dit vir hulle invul en inkleur."

Robbie sê die doel van *Bravo!* is om die glansmense in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf aan kykers bekend te stel. Daar is nooit enige venyn wanneer daar onderhoude gevoer word nie en die program verval nooit in 'n geskinder nie. Vir hom is dit heerlik om met van die bekendste mense te gesels en dan te sien dat hul voete nog plat op die aarde is.

Hy en sy vrou, Lynn, het op 9 Mei hul eerste huweliksherdenking gevier en dis duidelik dat die wittebrood nog lank nie verby is nie. Die twee het darem die kans gekry om vir 'n heerlike naweek weg te glip om dié spesiale gebeurtenis te herdenk.

"Lynn is my alles, sy is *amazing*. Van die eerste dag wat ek haar ontmoet het, het ek geweet dis die *girl* vir my en ek wil haar vir ewig in my lewe hê. As ek êrens in die dag tyd het, bel ek nie een van my pêlle om te gaan gholf speel nie. Ek sal eerder vir Lynn bel en iets saam met haar gaan doen. Sy is immers nou my spanmaat."

Hy glimlag breed, duidelik gelukkig en tevrede. Maar dan is hy weer op 'n drafstap. So baie om te doen, so min ure in elke dag.

## DAAR IS NOOIT ENIGE VENYN WANNEER DAAR ONDERHOUDE GEVOER WORD NIE EN DIE PROGRAM VERVAL NOOIT IN 'N GESKINDER NIE

## TRACEY LANGE

Die Kapenaars het weeksoggende die geleentheid om van nege tot twaalf op Heart FM in te skakel en dan vir drie uur in die geselskap van Tracey Lange te wees. Heart FM is 'n kommersiële radiostasie en Tracey is nou al so 'n bietjie meer as 'n jaar daar werksaam.

Voorheen het sy onder meer by Radio Helderberg, Good Hope FM en Smile FM uitgesaai. Vir haar is die werk by Heart FM van die lekkerste wat 'n mens kan doen, want dit gee haar die geleentheid om gewone mense se stories te vertel. Elke oggend vroeg neem sy die bus vanaf haar blyplek in Gardens, klim in Adderleystraat af en stap die paar kilometer tot by Heart FM se ateljees in Seepunt.

Elke middag trek sy weer haar tekkies aan en stap terug tot by die huis. Tracey sê dit is wanneer sy so deur die strate van Kaapstad stap dat sy baie idees vir stories vir haar program kry.

Dit kos gewoonlik fyn beplanning wanneer daar 'n *Bravo!*-opname gedoen moet word. Sy lag en sê die grimeerkunstenaar sal soms, terwyl sy op die lug is met haar radioprogram, reeds haar hare doen en grimering aansit vir die TV-opname wat later die dag gaan plaasvind. Wanneer sy vir 'n *Bravo!*-opname êrens heen moet vlieg, sorg sy dat sy net na afloop van haar program vlieg en weer die volgende oggend douvoordag terugvlieg. Sy het ook al een keer haar program vanaf Jacaranda FM se ateljees in Midrand aangebied en só die geleentheid gekry om saam met haar *Bravo!*-spanmaat, Robbie Kruse, uit te saai.

"Die grootste vreugde van my werk, of dit nou as omroeper of aanbieder is, is dat ek nooit enigiets anders as Tracey hoef te wees nie," gesels die pragtige, vriendelike jong vrou. "Ek hoef nooit 'n kant van my uit te haal waaroor ek later gaan sleg voel nie. Ek is vrolike, entoesiastiese Tracey. Ek het nou die dag so gelag, want een van die ander aanbieders het gesê aan die begin toe ek by Heart FM begin werk het, het hy gedink: Gee haar tyd, sy kan nie altyd so vrolik en gelukkig wees nie. Nou, ná meer as 'n jaar, moes hy aanvaar dit is wie ek is. Hy het gedink dit is indrukwekkend dat ek ten spyte van my besige skedule altyd met 'n breë glimlag by die ateljee kan instap."

Vir Tracey is dit lekker om te weet sy het ook haar moedertaal, Afrikaans, 'n groter voetspoor by die radiostasie gegee. Baie van die luisteraars kommunikeer met haar in Afrikaans en nou is dit vir haar lekker om soms ook Afrikaanse gaste te nooi en onderhoude in Afrikaans te doen. Sy glo sterk daaraan dat die politiek uit die hele taalkwessie gehaal moet word en dat almal net toegelaat moet word om die taal te praat wat hulle gelukkig maak.

Die man in Tracey se lewe is Avukile Mabombo, 'n streeksbemarkingsbestuurder vir 'n energiedrankie. Sy het hom 'n paar jaar gelede by 'n verjaardagpartytjie ontmoet. Vanweë sy werksverpligting reis hy baie rond en daar is nie naastenby genoeg tyd om bymekaar te wees nie, kla sy. Wanneer hulle dus kans kry, is dit heerlik om net rustig bymekaar te wees en mekaar se geselskap te geniet.

Tracey lag oor die vraag of sy dink sy maak 'n verskil in mense se lewens. "Ek het by 'n geleentheid die kans gekry om 'n mediese dokter te ontmoet kort voor sy vir reddingswerk na Sirië moes vertrek. Sy is nou iemand wat 'n verskil in mense se lewens maak! Tog is dit vir my altyd lekker wanneer mense na my toe kom en vir my sê dat ek vir hulle vreugde verskaf.

"Iemand het my nou die dag voorgekeer en gesê wanneer ek op die skerm verskyn, word haar voorkamer lig en warm. Sy het onlangs in die Kaap gekuier en toe sy die radio aanskakel, het sy dieselfde gevoel in haar motor gekry. Sy was nie bewus daarvan dat ek as omroeper by Heart FM werk nie. Daardie gevoel wat ek op daardie oomblik gekry het toe sy my dit vertel het, is beslis die dryfveer om altyd harder te probeer. Ek is waarlik bevoorreg om te kan doen wat my werklik gelukkig maak!" VK

# Vrouekeur

JOU KEUSE ELKE WEEK

**SIEK & SAT** *vir jou* **WERK?**
LEES HIER VOOR JY SKUIF

KOEKELOER JY OOK OP JOU TIENER SE SELFOON?

*Lewenstorie*
**VROU LOS ALS EN KLIM OP HAAR FIETS ...**

ELKE BABA KORT 'N
**SUSTER LILIAN**

**Caroline Leisegang**
**JONK, SUID-AFRIKAANS EN 'N KOMPONIS**



*'n Anderste broodpoeding*



HEKEL 'N **ROSESERP**



*Kos in 'n kits vir koue aande*

# *Bravo!*
## TRACEY & ROBBIE

ISSN 02560488
3 JUNIE 2016
R16,00 (BTW ingesluit)
Ander lande R14,04 (sonder belasting)